



# PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT

PRIVAATSAK X53

PRINCE ALBERT

6930

DEPARTEMENT : INFRASTRUKTUUR DIENSTE

VAKATURE: TOESIGHOUER/VRAGMOTORBESTUURDER-  
VULLISVERWYDERING

## KENNISGEWING NR 15/2017 INTERNE KENNISGEWING

*Die Prince Albert Munisipaliteit is verbind tot billike, doeltreffende en volhoubare dienste vir die totale gemeenskap.*

Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm, word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as: **TOESIGHOUER/VRAGMOTORBESTUURDER-VULLISVERWYDERING- PRINCE ALBERT**

### VEREISTES

- Std. 6/Graad 8 of toepaslike ondervinding;
- 'n Geldige Kode C1 Rybewys met 'n Professionele Bestuurspermit (PDP);
- Goeie interpersoonlike vaardighede en menseverhoudings;
- Bereidwilligheid en beskikbaarheid om bystanddiens te doen;
- Minstens een jaar ondervinding as vragmotorbestuurder / toesighouer;
- Goeie kommunikasievaardighede in minstens twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap

### PLIGTE

- Toesighouding oor ondergeskiktes;
- Bestuur, beheer en onderhoud van voertuig;
- Verwydering van alle vullis soos per vasgestelde roete en tye;
- Uitvoer van administratiewe pligte en deurgee van inligting aan Tegnieese Departement.
- Uitvoer van bystandpligte soos benodig;

**SALARIS: T5 VAN 'N GRAAD 2 MUNISIPALITEIT- R 83 268.00 PER JAAR (R6 939.00 PER MAAND) PLUS NORMALE BYVOORDELE.** Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele: Pensioen- en mediese fonds bydraes, behuisingssubsidie, ruim verlof- en siekverlof en 'n dertiende tjek na 12 maande diens.

**STATUS VAN POS: PERMANENT**

**SLUITINGSDATUM: VRYDAG, 10 MAART 2017**

Aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm met gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument moet gerig word aan **ME. DEBBY MOONEYS-PERSONEEL AFDELING**, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930, Tel. 023-5411 036, voor of op **VRYDAG 10 MAART 2017**.

Prince Albert Munisipaliteit is 'n gelyke indiensneming-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheem benadeelde groepe en veral vroue aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**

PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT

PRIVAATSAK X53

PRINCE ALBERT, 6930

TELEFOON NO: 023 – 541132k0

FAKS NO: 023 – 5411321

E-Pos Adres: [debbiem@pamun.gov.za](mailto:debbiem@pamun.gov.za)



**HFW METTLER**  
**MUNISIPALE BESTUURDER .**

**10 Februarie 2017**

